higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ENTREPRENEURSKAP
NKR VLAK 2

(3021042)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Interpersoonlike vaardighede, byvoorbeeld uitstekende verkoopsvaardighede, word beskou as belangrike vaardighede vir 'n entrepreneur.

1.2 Die inhoudsopgawe ('contents page') moet 'n oorsig gee van die items in die sakeplan.

1.3 Die gelykbreekpunt verwys na 'n punt in die onderneming waar daar 'n wins gemaak word.

1.4 'n Tydraamwerk is 'n spesifieke tydperk waarbinne 'n taak voltooi moet word.

1.5 Die aard van 'n produk is een van die kenmerke van 'n entrepreneur.

1.6 Die verbetering van produkte en dienste is 'n manier om met ander ondernemings te kompeteer.

1.7 'n Entrepreneur kan 'n sakeplan gebruik om vir finansiering te vra.

1.8 'n Mentor is 'n kollega wat oor groter wysheid beskik en wat kennis en ondervinding kan oordra.

1.9 Om te prioritiseer beteken om take in volgorde van belangrikheid en sperdatums te plaas.

1.10 Kommunikasie met 'n potensiële klant word as een van die promosiemetodes beskou.

1.11 'n Sakeplan kan binne 'n dag voorberei word.

1.12 'n Goeie naverkoopsdiens skep lojale klante wat sal aanhou terugkom.

1.13 Die beginsel van prysbepaling ('pricing') behels die bepaling van al die potensieel veranderlike koste per produk.

1.14 Belastingkoerse vir ondernemings word beskou as een van die sosiale kragte.

1.15 Aanvangskapitaal verwys na geld of bates wat deur 'n onderneming gebruik word.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Kies 'n woord of term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer. .

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Entrepreneur moet so wees om ander mense in hom/haar en in die besigheidsidee te laat glo	A	produk
2.2	Kosteberekening en prysbepaling vir die produk	B	werkloosheid
2.3	Netto wins word uitgedruk as 'n persentasie (%) van …	C	ekstrovert ('outgoing')
2.4	Dit is by die bemarkingsfunksie ingesluit	D	persoonlike rekenaar
2.5	Elektroniese dagboek	E	onafhanklikheid
2.6	'n Voorbeeld van sosiale kragte	F	sakeplan
2.7	Die … van potensiële klante word beïnvloed deur verskeie faktore wat in die besigheidsomgewing aangetref word	G	finansiële plan
2.8	'n Padkaart wat elke aspek van jou sakeonderneming veduidelik	H	houdings ('attitudes')
2.9	Voorraad wat deur 'n onderneming gekoop en verkoop word	I	inventaris
2.10	Dit is die voordeel daarvan om 'n entrepreneur te wees	J	verkope
2.11	Verkope *minus* koste van verkope	K	bestuursplan
2.12	Algemene verhoging in die prys van goedere en dienste	L	inflasie
2.13	Lenings wat strek oor meer as een jaar	M	beheer ('control')
2.14	'n Bestuursfunksie	N	finansiële beheer
2.15	Waarskynlik die hoofrede hoekom die meeste ondernemings misluk	O	bruto wins
		P	langtermyn-las ('long-term liability')

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

OPGEDIEP

Mynentrepreneurs:
Twee jong Suid-Afrikaanse wetenskaplikes het besluit om hulle ondervinding te ontgin en hulle eie onderneming te begin.

Sharon Musiiwa Mugabi (28) en Munei Raphalalani (31) is nou die eienaars van Ronewa Analytical Laboratory, waar steenkool getoets en ontleed word.

As 'n beginbesigheid in 2013, met geen kapitaal of klandisie-geskiedenis nie, het hulle kanse nie goed gelyk nie. 'Toegang tot befondsing was 'n baie groot uitdaging aangesien die meeste befondsingsinstellings nie bereid was om die risiko te neem om 'n begin-entiteit te befonds nie,' het Mugabi gesê.

Hulle het by die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) om 'n lening aansoek gedoen wat hulle sou help om die toerusting en voertuie te koop wat nodig was om hulle onderneming in Polokwane, Limpopo se hoofstad, te vestig.

'Die NOK het ons nie net met befondsing gehelp nie, maar ons ook leiding gegee en van sake-ondersteuningsprogramme voorsien, wat ons as aanvangsentrepreneurs dringend nodig gehad het', het Mugabi gesê.

'Ons passie vir dit wat ons doen het ons laat besluit om Ronewa Analytical Laboratory tot stand te bring. Ons wou 'n betekenisvolle rol in ons land speel deur Suid-Afrika se hoë werkloosheidsyfer in bedwang te hou'.

Hulle waarsku egter dat om jou eie baas te wees nie vir almal is nie. 'Indien intrepreneurskap maklik was sou almal – of die meeste mense – dit doen. Om te slaag moes ons uitstaan en anders wees. Ons het elke dag die nodige gedoen om ons stap vir stap nader aan ons droom te bring. Ons sukses is te danke aan gebed, toewyding, harde werk en volharding'.

Hulle werk in 'n taai, mededingende en streng bedryf wat hoë standaarde vereis, siende dat hulle werk bestaan uit die analisering van steenkool om die fisiese en chemiese eienskappe daarvan te bepaal.

Die maatskappy se werksmag het geleidelik van twee werknemers tot vyf voltydse werkers gegroei. Hulle mik na 'n toename in groei van tot meer as 40 personeellede. Die Ronewa-maatskappy beplan om na baie streke in Suid-Afrika en verder uit te brei, en het reeds begin om hierdie strategie te inisieer.

[Aangepas uit: *City Press*; 9de Julie 2017]

Kopiereg voorbehou

3.1 Bespreek die volgende eienskappe van 'n entrepreneur, met spesifieke verwysing na die Ronewa-maatskappy.

3.1.1 Verlange na verantwoordelikheid

3.1.2 Voorkeur vir matige risiko's

3.1.3 Identifisering van geleenthede

3.1.4 Organisatoriese vaardighede

(4 × 2) (8)

3.2 Die Ronewa-maatskappy het vyf voltydse werknemers.

Wat is de belangrikheid van 'n *taaklys* vir hierdie werknemers? (2)

3.3 3.3.1 Onderskei tussen die *interne omgewing* en die *eksterne omgewing* wat 'n invloed op die Ronewa-maatskappy sal hê (4)

3.3.2 Gee EEN voorbeeld van elk van die omgewings wat in VRAAG 3.3.1 genoem is. (2)

3.4 Gee VIER redes hoekom die Ronewa-maatskappy 'n sakeplan moet hê.

(4 × 2) (8)

[24]

VRAAG 4

4.1 Die inligting hier onder is gebaseer op die besigheid van die Ronewa-maatskappy. Gebruik hierdie inligting om die vrae hier onder te beantwoord.

Salarisse	R16 500
Materiaal	R13 800
Versekeringspremie	R 1 500
Huur van geboue	R 2 600

Bereken die volgende:

4.1.1 Veranderlike koste (2)

4.1.2 Vaste koste (2)

4.1.3 Totale koste (1)

4.1.4 Die veranderlike koste, indien die totale koste R3 500 is en die vaste koste R2 100 beloop (2)

4.1.5 Die gelykbreekbedrag vir die Ronewa-maatskappy, indien sy vaste koste R15 200 beloop en die bruto winspersentasie 95% is (3)

4.2 Omskryf die term *mededingende prysbepaling* ('competitive pricing'). (1)

[11]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Herrangskik die volgende stappe van die bemarkingsnavorsingsproses. Skryf die stappe in die korrekte volgorde in die ANTWOORDBOEK neer, en nommer hulle van 1–7.

- Identifiseer inligtingsbronne.
- Doen verslag oor die bevindings.
- Identifiseer die navorsingsprobleem.
- Bepaal die soort inligting wat nodig is.
- Ontleed en interpreteer die data.
- Versamel die data.
- Formuleer 'n opinie. (7 × 1) (7)

5.2 Die Ronewa-maatskappy word in 'n mededingende omgewing bedryf.

5.2.1 Noem, en verduidelik, VIER verskillende maniere waarop die maatskappy in hierdie omgewing kan kompeteer. (8)

5.2.2 Verduidelik die term *mededingingsvoordeel* ('competitive advantage'). (2)

5.2.3 Gee EEN mededingingsvoordeel waaroor die Ronewa-maatskappy beskik. (1)

5.3 Verduidelik hoe die gebruik van die volgende dagboeke die Ronewa-maatskappy kan help om tyd doeltreffend te bestuur:

5.3.1 Elektroniese dagboek

5.3.2 Lessenaardagboek ('Desk diary')

(2 × 2) (4)

5.4 Noem die DRIE waardes wat 'n entrepreneur moet hê om suksesvol te wees. (3)

5.5 Gee TWEE redes hoekom entrepreneurs belangrik is in Suid-Afrika. (4)

5.6 Die Ronewa-maatskappy se sakeplan is nie goed geskryf nie.

Verduidelik die volgende komponente van 'n sakeplan:

5.6.1 Bemarkingsplan

5.6.2 Bestuursplan

5.6.3 Finansiële plan

(3 × 2) (6)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou